# KOMMUNIKAATJIE

**Gereformeerde Kerk Centurion**

**Jaargang 51** **Nr 42** **22 Nov 2026**


## Die Nagmaal as teken van die nuwe verbond

Die Nagmaal is een van die kosbaarste gawes wat die Here Jesus Christus aan sy kerk gegee het. Wanneer ons die brood eet en die wyn drink, dink ons nie bloot terug aan 'n gebeurtenis uit die verlede nie. Ons vier en verkondig die wonderlike waarheid dat Jesus Christus deur sy dood 'n nuwe verbond tussen God en sy volk tot stand gebring het.

Tydens die laaste Pasga het Jesus die brood geneem en gesê: "*Dit is my liggaam wat vir julle gegee word*." Daarna het Hy die beker geneem en gesê: "*Hierdie beker is die nuwe verbond/testament deur my bloed*" (Lukas 22:19-20).

Die nuwe verbond is die vervulling van God se belofte deur die profeet Jeremia (Jeremia 31:31-34). God belowe dat Hy sy wet in ons harte sal skryf, dat Hy ons God sal wees en dat Hy ons sondes volkome sal vergewe. Hierdie belofte word moontlik gemaak deur die bloed van Jesus Christus.

Die brood en wyn herinner ons daaraan dat ons verlossing nie uit ons eie werke of verdienste kom nie. Christus het sy liggaam gegee en sy bloed gestort om ons sondeskuld te betaal. Sy offer was volkome en hoef nooit herhaal te word nie.

Wanneer ons aan die Nagmaalstafel aansit, ontvang ons dus nie bloot 'n herinnering nie, maar word ons geloof versterk deur die belofte van God. Ons word opnuut verseker dat ons deur Christus aan Hom behoort. Ons deel ook in die gemeenskap van gelowiges, want ons is saam een liggaam in Christus.

Die Nagmaal wys terug na die kruis, versterk ons geloof in die hede en laat ons uitsien na die dag wanneer ons saam met Christus aan die bruilofsmaal van die Lam sal aansit.

Kom ons vier die Nagmaal daarom met dankbaarheid, selfondersoek en 'n vaste geloof in Jesus Christus, die Middelaar van die nuwe verbond.

Ds. Maarten

# ALGEMENE INLIGTING

***EREDIENSTYE***
Afrikaanse Oggenddiens: 09:00
Engelse Diens: 11:00
Afrikaanse Aanddiens: 18:00

Ds Maarten van Helden: 072 143 1855
Ds Lourens Venter: 082 529 2330

Telefoon: **012 664 2614**
*Kantoorure:* ***Ma-Do*** *08:15 - 13:00*

Basdenlaan 226
Lyttelton

Epos: Kerkkantoor—**kerkkantoor@gkcenturion.co.za**

***Inhandiging van Kommunikaatjie-berigte sluit Woensdae om 12:00***

- - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - -

**NUWE INTREKKERS:** Nuwe intrekkers word gevra om na die erediens voor by die klavier aan te meld.

**VIDEO UITSENDINGS** Volg skakel op gemeente se webblad **gkcenturion.co.za** of ons internetskakel **stroom.gkcenturion.co.za**

**EREDIENSTE OP INTERNET:** http://kerkdienstgemist.nl/assets/516 (direk of opname).

**LUISTER NA EREDIENSTE OP SLIMFOON**: TOEP: **Kerkdienst Gemist.**

**BIBLOS BYBELVERSPREIDINGSPROJEK:** Esmé 083 381 6428/esmel.prins@gmail.com.

**KLEUTERKLAS**: (2-5jr): Ouers neem asb u kleuters ná Skriflesing na die kleuterklas.
*(Janneke Wessels – 071 898 5900)*

## Dienspersoneel

| Datum | Wyk | Ouderling | Afkondigings | Diaken | Klank | Projektor | Video Uitsending |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 22-Nov | B15 | Pieter van der Dussen | Johan Hogendyk | Riaan Fouche | Eric Guldemond | Carina vd Dussen | Hein Kaiser |
| 29-Nov | B16 | Sollie Nel | Thys Reynecke | Riaan Van Schalkwyk | Hein Kaiser | Johan Hoogenboezem | Ronell Hoogenboezem |

## KOLLEKTES

Vandag: **Barmhartigheid** (tydens erediens )

Volgende week: **Barmhartigheid**

Vandag: **Kerkkas** (by die deure)

Volgende week: **Emeritaatsversorging**

**Kerk se bankbesonderhede:**
Rek Naam: Gereformeerde Kerk Centurion
Bank: ABSA Lyttelton
Takkode: 632005
Rek no: 600 340 409

**Inbetalings vir die Diakonie:**
Rek Naam: Diakonie Gereformeerde Kerk Centurion
Bank: ABSA Lyttelton
Takkode: 632005
Rek no: 600 280 589

**Inbetalings vir die Susters:**
Rek Naam: Gereformeerde Kerk Centurion Susters
Bank: ABSA Lyttelton
Takkode: 632005
Rek no: 600 340 417

**Maandelikse bydraes dmv EFT**—Verwysing: Voorletters (almal) en Van sowel as Wyk nr stuur bevestigende epos aan admin@gkcenturion.co.za

# *Verjaarsdae*

## *Belydende lidmate*

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 22 Nov. | Christiaan | Ferreira | C12 | 0724476716 |
| | Hester | Havenga | B14 | 0827733405 |
| | Angelique | J v Rensburg | C03 | 0714140610 |
| | Ruzanna | vd Merwe | E02 | 0723722279 |
| 23 Nov. | Anika | Coetzer | B09 | 0721275102 |
| | Miemie | Helberg | A16 | 0828202078 |
| | Silla | Venter | B07 | 0782637445 |
| 24 Nov. | Maryke | Maré | C15 | 0792587040 |
| | Hennie | vd Walt | C11 | 0829274326 |
| 25 Nov. | Susan | de la Porte | A09 | 0725183081 |
| | Annelise | Jooste | A04 | 0720429738 |
| | Carien | Raath | A18 | 0662399388 |
| 26 Nov. | Nico | Coetzee | C08 | 0827814310 |
| | Irene | Pelser | B05 | 0760155637 |
| 27 Nov. | Tanya | Aucamp | A13 | 0731640713 |
| 28 Nov. | Gerrie | vd Bijl | A17 | 0833883308 |

## *Dooplidmate*

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 26 Nov. | Sunelle | Louw | C10 | 0796910128 |
| | Milla | Schutte | B02 | 0827786397 |
| | Anne | vd Walt | A13 | 0812519617 |
| | Barend | vd Walt | A05 | 0795174273 |
| 28 Nov. | Ruben | Joubert | A01 | 0747785910 |

**Gemeentefoto's**

**Het ons jou foto al geneem?**

Freek du Toit sal beskikbaar wees na afloop van die oggend-erediens op 22 Nov om die foto's te neem van lidmate wat nog nie by 'n vorige geleentheid geneem is vir die gemeente se rekords/ fotodatabasis nie.

Baie dankie vir jou medewerking!

# *Ons gee om vir Mekaar*

***"...God ontferm Hom oor ons."*** *Ps. 116:5*

- Hannelie Grobler sterk aan in Midstream hospitaal (B12 – 076 565 9827).
- Miané Barnard ondergaan 24 Nov. 'n operasie (B11 – 071 683 6127).
- Antoinette Jv Vuuren ondergaan komende week 'n knievervanging (C13 – 082 569 1882).
- Ben du Plessis is oorgeplaas na 'n Step-Down. (C01 - 072 124 1076)

***Meelewing*** word betuig met:

- Dalena Kruger, familie en vriende na die afsterwe van Johan. Begrafnis-reëlings: Vrydag 27 Nov om 10:00 by Pretoria-Oos begraafplaas en troosdiens om 12:00 vanuit ons gemeente.
- Hannes, Jana en familie, met die afsterwe van Hannes se vader.

***Ons lidmate word aan die liefdevolle versorging van die Here opgedra***

# Geluk

- Leoné Johl en Stefan Pienaar met hul verlowing.
- Jacques en Elani met die geboorte van Hailey Stephens.

## *Beroepe ontvang*

Ds CB (Brahm) Robinson van GK Bellville-Oos na GK Centurion as medeleraar

# *Alethea Outreach 11:00*

Like us on facebook:
https://www.**facebook**.com/
aletheaministry/

*Last service will be on 6 Dec 26 and commence again on 17 Jan 27.*

**Bernina @ Saxby**—Verkope van alle Bernina en Bernette naaldwerkmasjiene en omkap-masjiene. Diens en herstel van alle fabrikaat naaldwerk-masjiene. Dalena Kruger 072 974 2728.

**Huiskontrakteur** – herstel/waterdigting van dakke; oopmaak van rioolstelsels, verfwerk; plaveisel; teëlwerk; waterlekke; staalwerke; saag/verwydering van bome; installeer solar-drukpomp op watertenks, omskakeling van geyser na sonkrag; installasie van gastoestelle. Hennie vd Walt 082 927 4326.

**Verkoop u, u huis?** Onthou dit is u Verkoper se keuse om die prokureur aan te stel. Ek sal u graag daarmee wil help. Ook testamente en boedels. Pieter Wolmarans Prokureurs 083 949 8899.

Eljada Huis

Waar die HERE sorg en voorsien!

Eljada verkoop koekies!

Volledige lys is op die kennisgewingbord.

Bestellings sluit 30 Nov.-26

Skakel gerus vir

Petro 012 377 0503/0670846792

## MONUMENTSIG AFTREE-OORD EENHEID BESKIKBAAR!



Die Oord behoort aan GK Centurion, geleë te Basdenlaan 226, Centurion, reg agter Unitas Hospitaal en langs die Kerkgebou. U koop okkupasiereg in ’n aftree-oord. In totaal bestaan die Oord uit slegs 26 huisies met pragtige tuine en lae heffings. Daar is geen versorgingsfasiliteite nie — Bepalings geld vir 80-plussers.

Die eenheid wat beskikbaar is, bestaan uit :

1 slaapkamer, 1 badkamer, kombuis, eet/sitkamer, toesluit motorhuis (nie aan huis) met ‘n tuin. Die prys is R545 000. Die bestuur sal die verskillende aansoeke oorweeg. Die eenheid is beskikbaar vir okkupasie ongeveer 1 Des 2026. Die eenheid is 75vk meter en die heffing beloop tans R953. Die vaste munisipale kostes beloop tans R425. Al wat dan nog bykom is die elektrisiteitsverbruik. Aansoekvorms is by die ondergenoemde persone beskikbaar. Aansoeke word deur die bestuur van die Oord oorweeg.

Wanneer u, u reg in die toekoms weer wil verkoop, is die volle bedrag wat u betaal het, onderhewig aan sekere voorwaardes, weer aan u betaalbaar.

Gerrit Beumer 082 572 5235/ Rina Venter 071 403 4143 (Op terrein)

**Aansoeke sluit 23 November 2026**

**Geloftefees**
**te GK Centurion**
**olv. Die plaaslike Gelofte Komitee**

Datum: 16 Desember 2026
Samesang: 8h40 Samesang en Koorsang
Geloftediens: Dr. Douw Breed
Feesrede: Dr. Pieter de Kock ,
***Die Wonder van Bloedrivier***
Kontakpersoon: Charl vd Bergh
072 698 7956
Die verrigtinge sal ook gestroom word op stroom.gkcenturion.co.za

## TEESKINKBEURTE

Instruksies vir die regsit voor die diens, skink en opruim na die erediens is in die kombuis opgeplak.

**22 Nov.**

Elke Nel B11

Heleen Kruger B14

Lourette vd Berg B16



**29 Nov.**

Annerie de Jager B17

Cecilia Wolmarans B18



## Dopper Doppies

Baie dankie aan almal wat meehelp om doppies te versamel. Ons het al ongeveer 100kg ingewin, maar gaan nie hier stop nie!

Bring jou plastiekdoppies dit voorsien ‘n rolstoel aan iemand wat dit nodig het.

Die houer is voor die kombuis op die stoep.

Vir enige navrae WhatsApp
Cornea v Niewenhuizen 064 532




## Speelgroep
**(Brugbediening)**

Elke Dinsdag van 10:00 - 12:00 kom 12-15 kindertjies bymekaar om te speel en te leer.

Enigeen wat geroepe voel om deel te word hiervan kan Phia (082 601 6989) of Rika Pretorius (082 559 7705) kontak.

**Almanak 2027 (boek)**

Weens ’n druk probleem gaan die boek eers eers beskikbaar wees vanaf **17 Jan 27** by die Kerkkantoor.

## Crossroads Prison Ministries – Ons benodig hulp!

Crossroads Prison Ministries benodig iemand wat kan help met die vervoer van les materiaal vanaf die kerk na ’n punt naby die N1 Westelike Verbypad, tussen die Rivonia- en Albertina Sisulu-afritte.

Ons evangelis, Glenn Fick, sal die houer by jou kom haal en weer aflaai, of jou ontmoet naby die Leeuwkopgevangenis om die houer te ontvang of af te gee.

Dink jy jy kan help? Kontak **Hannie vd Bergh** by **082 780 3653**.

**Jou hulp kan ’n groot verskil maak!**









# Kerssangdiens

U word almal uitgenooi na die Kerssangdiens, 6 Des om 18:00

## Tema: Die groot geskenk van God!

Die program sluit in:
Heerlike samesang met die oog op die Kersgety.
Kinders word ook uitgenooi om te kom saamsing!!

**Kom loof die Here met lofgesang!!**

# VAN DIE KERKRAADSTAFEL

**Ter Approbasie:**

Oudl: Drikus Klopper, Thinus du Plessis, Pieter van Rooy

Diak: Stephanus Schoeman, Emil Fourie, Hendri Venter, Marnus Smith, Nicolai vd Merwe, Etienne Grobler, Nico Coetzee, Henk Kotze

**Onthef van die roeping**:

Oudl: Jaco Basson, Neels Engelbrecht, Rob Bond, Johan van Werkhoven, Hans Stronkhorst

Diak: Wilhelm Verwoerd, Jano van Rooy, Bennie Viljoen, Jakes van der Merwe

**Ontslag** word toegestaan op 17 Januarie 2027 tydens die aanddiens, aan:

Oudl : Jan-Louis Bezuidenhout, Dries Roos, Charl vd Bergh

Diak: Cilliers vd Merwe, Wico Prinsloo, Wessel Brits, Laurette vd Berg

## Attessake soos op 21 November 2026

**Met attestaat aangesluit**

Nina Prinsloo van GK Nelspruit (A11)

Lettie Pentz van GK Rietvallei (A06)

Jaco en Hester Havenga van GK Vrenenburg/Saldanna (B14)

Henno Oosthuizen van GK Rustenburg-Wes (C09)

Fanie en Ilet Kruger van GK Ontdekkers (B17)

Dries en Elsa Erasmus van GK Oos-Moot (A13)

**Opgeneem uit ander Kerke**

Tommy en Marzanne Lennox en 1 kind (C09)

Isak en Maryke Deetlefts en 1 dooplidmaat en 1 kind (B04)

Erik Snyman (B02)

**Met attestaat vertrek**

Martie Steyn na GK Nelspruit (C01)

Dean en Lize-Mari van den Berg na GK Waterkloofrand (B01)

Bets Schutte na GK Lyttelton (C12)

Gerhard & Barbara Maritz na GK Lyttelton (C11)

**SORG MET EER!**

Voor 1994 was daar geen amptelike pensioen vir predikante nie. Dit skep tot vandag toe vir baie predikante in Kerkverband ernstige probleme. Die Emeritaatsversorgingstrust is in 1994 hiervoor geskep. Dit is egter nie so eenvoudig om so saak in ‘n “kort” tyd reg te stel nie. Om vir emeriteritering te sorg, moet Kerkrade reeds vanaf die predikant se eerste werksdag hiervoor voorsiening maak. Die SORG MET EER projek is geskep om lidmate te sensiteer om die fondse in die Trust aan te vul, sodat emeriti eervol versorg kan word. Ons wil volgende jaar bietjie fokus op hierdie saak.

Gerrit Beumer 0825725235

# Liturgiese Riglyne

## NAGMAAL

## SONDAGOGGEND 09:00

## Christus se diepe vernedering

**Skriflesing:**
Hebreërs 1:1-5;
Hebreërs 2:5-9
(1983)

**Teksvers**:
Hebreërs 2:9

**Sing:**
Ps 91:1,2,3
Sb 9-3:1,2
Ps 89:3
Sb 17-3
Ps 116:1,2...
Ps 2:1,6
Sb 13-3

Ds Maarten v Helden

As mens die Bybel deurlees besef jy gou dat Christus byna op elke bladsy in die Bybel geskrywe staan – Ou én Nuwe Testament! Hy is die Bruidegom van Hooglied, Hy is die Koning van Dawid, Hy is die Profeet wat sou kom, Hy is die Tabernakel, Hy is die Seun van God. Al word die engele die "*seuns van God*" genoem, is daar net Een werklike *Eniggebore Seun* van God… (gebore, nie gemaak nie – Athanasius) - want Hy is self God, eenwesens met die Vader.

As Seun van God is Hy in alles vér bo die engele verhewe. Tog lees ons dat hy op 'n keer "minder" geword het as die engele? Vandag sal ons dan besef dat Hy selfs in sy dienswerk beter is as die engele.

Elke dag sorg engele vir ons. Miljoene engele in diens van die uitverkorenes (Heb 1:14). En tog is Christus se dienswerk net beter en groter as wat enige engel kan droom om vir ons te doen!

## SONDAGAAND 18:00

## Alle Mag kom aan God toe

**Skriflesing:**

Johannes 19:1-16
(2020)

**Teksvers**:
Johannes 19:10-11

**HK**: Sondag 39

**Sing:**
Ps 89:1,11
Ps 103:6
Ps 113:1,2,3
Sb 1-1:1,3,7
Sb 13-3

Ds Lourens Venter

Die vyfde gebod gaan oor mag en eerbied. Eer jou vader en moeder. God het hulle oor hulle kinders gestel.

Daarin kom 'n belangrike gesagsverhouding tussen ouers en kinders, wat ook weerspieël word in ons leefwêreld. Hoe groter iemand se mag, hoe groter is die verantwoordelikheid wat by daardie persoon berus.

Ons kyk vanaand na Jesus wat Pilatus reghelp in sy misverstand oor mag, waarin ons God se almag leer ken waardeur Hy die krag van die sonde verbreek.